Dissipelskap: Deel 2

Dissipels leef ‘n voorbeeld

Ons is steeds gedeeltelik binne die grendeltyd in Suid-Afrika en die uitdagings is groot. Een van die grootste veranderinge in baie van ons lewens is die feit dat ons as gelowiges nie meer op ‘n Sondag as ‘n groot groep bymekaar kan kom om erediens te hou en die Here te verheerlik nie. Dit is by baie van ons ‘n groot gemis, maar die vraag is watter verandering het dit aan jou lewe te weeg gebring? Hoekom vra ek dit? Te veel mense het die persepsie van gelowiges as mense wat Sondae byeenkoms hou en dan gebeur daar nie veel in die res van die week nie. Miskien het hierdie grendeltyd ons oë laat oopgaan om anders na ons eie geloof en na die wêreld rondom ons te kyk. Ja, om ook anders na kerk te kyk. Kerk mag nie net ‘n lekker byeenkoms wees nie, maar ‘n geleentheid wees waar God verheerlik word en ons ook toegerus word om ‘n wêreld te gaan bedien met die Evangelie.

In die tweede deel van dissipelskap gesels ons met mekaar oor die feit dat as ek ‘n dissipel is, dan moet ek anders lewe. Ek moet ‘n navolgingswaardige voorbeeld lewe. Ek moet tussen mense beweeg en ‘n navolgenswaardige voorbeeld vir hulle wees.

Ons as gelowiges is so geneig om vas gevang te raak binne ons eie groep mense en is nie altyd bereid om betrokke te raak by ander mense in nood nie.

Gesels of dink na oor die volgende: Daar is fisiese, emosionele en geestelike nood onder mense in jou omgewing – mense wat elke dag oor jou pad kom. Wanneer laas het jy mooi na jou omgewing gekyk deur die bril van nood?

As ons oor dissipelskap gesels en dit leef dan moet ons begin om met ander oë na die wêreld rondom ons te kyk. Dit vra ook dat ek betrokke moet raak in die wêreld.

Vraag: Hoe betrokke is jy tans in die wêreld? Kyk jy reeds deur die oë van Jesus na die wêreld?

Lees Lukas 10:30-35. Dink na oor die verantwoordelikheid wat ons as dissipels het teenoor mense wat ons pad kruis.

Ons is deesdae baie skepties en bang om by mense se lewens betrokke te raak, veral diegene buite ons gemaksone. Dissipelskap gaan in wese daaroor dat ek verhoudings moet bou met

verlore mense in nood. Dit is om onvoorwaardelik in verhouding te tree met mense wat Jesus nie ken nie en doelgerig ‘n pad met hulle te stap sodat hulle die liefde van Jesus kan ontdek en kan leer ken. Gelowiges maak baie keer die fout om te dink dat dissipelskap slegs beteken dat hulle geestelik konfronterend met mense moet omgaan – in baie gevalle sonder ‘n verhouding. Dit vra werklik opoffering om ‘n verhouding met iemand te bou ten einde geestelike inspraak in hulle lewe in te bou. Gewoonlik spreek jou dade in so geval baie.

Kyk wat Jesus met Saggeus doen in *Lukas 19:8-9*. Wat is die gevolg van tuis gaan?

Die probleem is dat baie gelowiges altyd geneig is om te dink dat net ingeoefende teoloë en predikante of pastore genoeg van die Bybel weet om dit met ander mense te deel. Dis egter ‘n groot fout! Die groot opdrag in *Matt. 28:19-20* is egter vir elke gelowige bedoel. Elke gelowige kan en moet ‘n dissipel (navolger) van Jesus wees. Vir dissipels gaan dit nie oor preek nie, maar eerder oor getuig – met en sonder woorde. Daar is natuurlik ‘n groot verskil tussen preek en getuig.

Vraag: wat dink jy is die verskil tussen preek en getuig?

Vraag: Hoe kan jy getuig?

Paulus skryf in Kolossense oor die feit dat gelowiges nie ‘n kliek moet vorm nie, maar moet uitreik na ander mense (ongelowiges). Lees Kol. 4:4-6. Wat sê die gedeelte oor dissipelskap?

The Message (‘n Bybelvertaling), gebruik twee baie belangrike woorde wat die konteks van die Skrifgedeelte aan die gemeente verduidelik, naamlik “outsiders” en “conversation”. Daar moet dus in gesprek getree word met mense buite die gemeente sodat die Evangelie ook aan hulle deur woord en daad en deur voorbeeld van jou lewenswyse aan hulle verkondig word.